- “(b) has commenced, undertaken or conducted a waste management activity without a waste management licence in terms of section 20(b) of the National Environmental Management: Waste Act, 2008 (Act No. 59 of 2008)[,];
- (c) is in control of, or successor in title to, land on which a person— 5
- (i) has commenced with a listed or specified activity without an environmental authorisation in contravention of section 24F(1); or
 - (ii) has commenced with, undertaken or conducted a waste management activity in contravention of section 20(b) of the National Environmental Management: Waste Act, 2008 (Act No. 59 of 2008), 10
- the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC concerned, as the case may be[,]—
- (aa) **[may]** must direct the applicant to— 15
- [(i)] (A) immediately cease the activity pending a decision on the application submitted in terms of this subsection, except if there are reasonable grounds to believe the cessation will result in serious harm to the environment;
 - [(ii)] (B) investigate, evaluate and assess the impact of the activity on the environment; 20
 - [(iii)] (C) remedy any adverse effects of the activity on the environment;
 - [(iv)] (D) cease, modify or control any act, activity, process or omission causing pollution or environmental degradation; 25
 - [(v)] (E) contain or prevent the movement of pollution or degradation of the environment;
 - [(vi)] (F) eliminate any source of pollution or degradation;
 - (G) undertake public participation which is appropriate to bring the unlawful commencement, undertaking or conducting of a listed, specified or waste management activity to the attention of interested and affected parties, and to provide them with a reasonable opportunity to comment on the application in accordance with relevant elements of public participation as prescribed in terms of this Act; and 30 35
 - [(vii)] (H) compile a report containing—
- [(aa)] (AA) a description of the need and desirability of the activity;
 - [(bb)] (BB) an assessment of the nature, extent, duration and significance of the consequences for, or impacts on, the environment of the activity, including the cumulative effects and the manner in which the geographical, physical, biological, social, economic and cultural aspects of the environment may be affected by the proposed activity; 40 45
 - [(cc)] (CC) a description of mitigation measures undertaken or to be undertaken in respect of the consequences for, or impacts on, the environment of the activity; and 50
 - [(dd)] (DD) a description of the public participation process followed during the course of compiling the report, including all comments received from interested and affected parties and an indication of how the issues raised have been addressed, if applicable; 55
 - [(ee) **compile an environmental management programme; or]** and

- “(b) sonder ’n afvalbestuurslisensie ingevolge artikel 20(b) van die ‘National Environmental Management: Waste Act, 2008’ (Wet No. 59 van 2008), met ’n afvalbestuursaktiwiteit ’n aanvang geneem het, onderneem het of verrig het[,];
- (c) in beheer is van, of regsopvolger is van, grond waarop iemand— 5
- (i) in stryd met artikel 24F(1) ’n aanvang geneem het met ’n gelyste of spesifieke aktiwiteit sonder ’n omgewingsmagtiging;
- (ii) met ’n afvalbestuursaktiwiteit ’n aanvang geneem het, onderneem het of gedoen het in stryd met artikel 20(b) van die ‘National Environmental Management: Waste Act, 2008’ (Wet No. 59 van 2008), 10
- [kan]** moet die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of betrokke LUR, na gelang van die geval[,]—
- (aa) die aansoeker gelas om— 15
- [(i)] (A) die aktiwiteit onmiddellik te staak hangende ’n beslissing oor die aansoek ingevolge hierdie subartikel ingedien, behalwe indien daar redelike gronde is om te vermoed dat die staking ernstige skade vir die omgewing tot gevolg sal hê; 20
- [(ii)] (B) die invloed van die aktiwiteit op die omgewing te ondersoek, evalueer en bepaal;
- [(iii)] (C) enige nadelige uitwerkings van die aktiwiteit op die omgewing reg te stel;
- [(iv)] (D) enige handeling, aktiwiteit, proses of uitlating wat besoedeling of omgewingsagteruitgang veroorsaak te staak, verander of beheer; 25
- [(v)] (E) die verspreiding van besoedeling of agteruitgang van die omgewing te stuit of voorkom;
- [(vi)] (F) enige bron van besoedeling of agteruitgang **[uitskakel]** uit te skakel; 30
- (G) openbare deelname te onderneem wat gepas is om die onwettige aanvang, onderneming of uitvoer van ’n gelyste, gespesifiseerde of afvalbestuuraktiwiteit onder die aandag van belanghebbende en geraakte partye te bring, en hulle te voorsien van ’n redelike geleentheid om op die aansoek kommentaar te lewer ooreenkomstig die tersaaklike elemente van openbare deelname soos ingevolge hierdie Wet voorgeskryf; en 35
- [(vii)] (H) ’n verslag **[opstel]** op te stel wat—
- [(aa)] (AA) ’n beskrywing van die nodigheid en wenslikheid van die aktiwiteit, uiteensit; 40
- [(bb)] (BB) ’n bepaling van die aktiwiteit se aard, omvang, duur en belang van die gevolge vir of invloed daarvan op die omgewing, met inbegrip van die kumulatiewe uitwerking en die wyse waarop die geografiese, fisiese, biologiese, maatskaplike, ekonomiese en kulturele aspekte van die omgewing deur die voorgestelde aktiwiteit geraak kan word, uiteensit; 45
- [(cc)] (CC) ’n beskrywing van versagende maatreëls wat getref is of getref gaan word ten opsigte van die aktiwiteit se gevolge vir of invloed op die omgewing, uiteensit; 50
- [(dd)] (DD) ’n beskrywing van die proses van openbare deelname wat gevolg is toe die verslag opgestel is, met inbegrip van alle kommentaar wat van belangstellende en geraakte partye ontvang is en ’n aanduiding van hoe die kwessies wat geopper is, hanteer is, indien van toepassing, uiteensit; en 55
- [(ee)] ’n omgewingsbestuursprogram, 60

- [(viii)] *(bb)* may direct the applicant to compile an environmental management programme or to provide such other information or undertake such further studies as the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC, as the case may be, may deem necessary.”; 5
- (b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:
 “(4) A person contemplated in subsection (1) must pay an administrative fine, which may not exceed [R5] R10 million and which must be determined by the competent authority, before the Minister, Minister responsible for mineral resources or MEC concerned may act in terms of subsection (2)(a) or (b).”; and 10
- (c) by the substitution in subsection (6) for paragraph (a) of the following paragraph:
 “(a) the environmental management inspector’s, environmental mineral and petroleum inspector’s or the South African Police Services’ authority to investigate any transgression in terms of this Act or any specific environmental management Act;”. 15

Amendment of section 24N of Act 107 of 1998, as amended by section 5 of Act 25 of 2014 20

6. Section 24N of the National Environmental Management Act, 1998, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

- “(2) The environmental management programme must contain[—] information that is prescribed. 25
- [(a) **information on any proposed management, mitigation, protection or remedial measures that will be undertaken to address the environmental impacts that have been identified in a report contemplated in subsection (1A), including environmental impacts or objectives in respect of—** 25
- (i) **planning and design;** 30
- (ii) **pre-construction and construction activities;** 30
- (iii) **the operation or undertaking of the activity in question;**
- (iv) **the rehabilitation of the environment;**
- (v) **closure, if applicable;**
- (b) **details of—** 35
- (i) **the person who prepared the environmental management programme; and**
- (ii) **the expertise of that person to prepare an environmental management programme;**
- (c) **a detailed description of the aspects of the activity that are covered by the environmental management programme;** 40
- (d) **information identifying the persons who will be responsible for the implementation of the measures contemplated in paragraph (a);**
- (e) **information in respect of the mechanisms proposed for monitoring compliance with the environmental management programme and for reporting on the compliance;** 45
- (f) **as far as is reasonably practicable, measures to rehabilitate the environment affected by the undertaking of any listed activity or specified activity to its natural or predetermined state or to a land use which conforms to the generally accepted principle of sustainable development; and** 50
- (g) **a description of the manner in which it intends to—**
- (i) **modify, remedy, control or stop any action, activity or process which causes pollution or environmental degradation;**
- (ii) **remedy the cause of pollution or degradation and migration of pollutants; and** 55
- (iii) **comply with any prescribed environmental management standards or practices.]”.**

- (viii)] (bb) kan gelas dat die applikant 'n omgewingsbestuurprogram opstel of sodanige ander inligting verstrek of sodanige verdere studies onderneem wat die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR, na gelang van die geval, nodig mag ag.”;
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(4) 'n Persoon in subartikel (1) beoog, moet 'n administratiewe boete betaal, wat nie meer as [R5] R10 miljoen mag wees nie en wat deur die bevoegde owerheid bepaal moet word voordat die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of betrokke LUR ingevolge subartikel (2)(a) of (b) kan handel.”; en
- (c) deur in subartikel (6) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(a) die omgewingsbetuursinspekteur, omgewingsinspekteur vir minerale en petroleum of die Suid-Afrikaanse Polisie diens se bevoegdheid om enige oortreding ingevolge hierdie Wet of enige bepaalde omgewingsbestuurswet te ondersoek nie;”.

Wysiging van artikel 24N van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 25 van 2014

6. Artikel 24N van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(2) Die omgewingsbestuursprogram moet [—] voorgeskrewe inligting bevat.
- [(a) inligting bevat oor enige voorgestelde bestuur-, verligtings-, beskermings- of herstelmaatreëls wat onderneem gaan word ten einde die omgewingsinwerkings aan te spreek wat in 'n verslag beoog in subartikel 24 (1A) geïdentifiseer is, met inbegrip van omgewingsinwerkings of oogmerke ten opsigte van—
- (i) beplanning en ontwerp;
 (ii) pre-konstruksie- en konstruksie-aktiwiteite;
 (iii) die bedryf of onderneming van die betrokke aktiwiteite;
 (iv) die rehabilitasie van die omgewing; en
 (v) sluiting, indien van toepassing;
- (b) besonderhede bevat van—
- (i) die persoon wat die omgewingsbestuursprogram voorberei het; en
 (ii) die kundigheid van daardie persoon om 'n omgewingsbestuursprogram voor te berei;
- (c) 'n uitvoerige beskrywing bevat van die aspekte van die aktiwiteit wat deur die omgewingsbestuursprogram gedek word;
- (d) inligting bevat wat die persone identifiseer wat verantwoordelik sal wees vir die implementering van die maatreëls in paragraaf (a) beoog;
- (e) inligting bevat ten opsigte van die meganismes voorgestel vir monitering van nakoming van die omgewingsbestuursprogram en vir rapportering van die nakoming;
- (f) sover dit redelik doenlik is, maatreëls bevat om die omgewing wat geraak word deur die onderneming van 'n gelyste aktiwiteit of gespesifiseerde aktiwiteit te rehabiliteer tot sy natuurlike of voorafbepaalde staat of tot grondgebruik wat voldoen aan die algemeen aanvaarde beginsel van volhoubare ontwikkeling; en
- (g) 'n beskrywing bevat van die wyse waarop dit van plan is om—
- (i) 'n handeling, aktiwiteit of proses wat besoedeling of omgewingsagteruitgang veroorsaak, te temper, reg te stel te beheer of te staak;
 (ii) die oorsaak van besoedeling of agteruitgang en migrasie van besoedelende stof reg te stel; en
 (iii) te voldoen aan enige voorgeskrewe omgewingsbestuurstandaarde of -praktyke.]”.

Amendment of section 24O of Act 107 of 1998, as amended by section 11 of Act 30 of 2013 and amended by section 6 Act 25 of 2014

7. Section 24O of the National Environmental Management Act, 1998, is hereby amended—

- (a) by the substitution for the heading of the following heading: 5
“Criteria to be taken into account by competent authorities when considering applications and consultation requirements”;
- (b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection; 10
“(2) The Minister, the Minister responsible for mineral resources [or], an MEC or an environmental assessment practitioner must consult with every [State department] organ of state that administers a law relating to a matter affecting the environment when such Minister, the Minister responsible for mineral resources or an MEC considers an application for an environmental authorisation.”;
- (c) by the deletion of subsection (2A); and 15
- (d) by the substitution for subsection (3) of the following subsection: 20
“(3) [A State department] An organ of state consulted in terms of subsection (2) must submit comment within 30 days from the date on which the Minister, Minister responsible for mineral resources[,] or MEC[,] or environmental assessment practitioner requests such [State department] organ of state in writing to submit comment.”.

Substitution of section 24P of Act 107 of 1998, as amended by section 7 of Act 25 of 2014

8. The following section is hereby substituted for section 24P of the National Environmental Management Act, 1998: 25

“Financial provision for remediation of environmental damage

24P. (1) In this section, ‘review’ means a formal assessment of the financial provisioning with the intention of instituting change, if necessary.

(2) The Minister, or an MEC in concurrence with the Minister, may prescribe the instances for which financial provision must be set aside. 30

(3) Where prescribed, an applicant, must, before the competent authority issues an environmental authorisation, determine the financial provision which is required for undertaking progressive rehabilitation, decommissioning, closure and post-closure activities, including the pumping and treatment of extraneous and polluted water, where relevant. 35

(4) Where prescribed, the applicant, holder of an environmental authorisation, holder or holder of an old order right must provide financial provision for progressive rehabilitation, mitigation, decommissioning, closure and post-closure activities, including the pumping and treatment of extraneous and polluted water, where relevant, to ensure the mitigation and rehabilitation of adverse environmental impacts, including latent environmental impacts. 40

(5) A holder of an environmental authorisation, holder or holder of an old order right must annually undertake, as prescribed, the mitigation, remediation and rehabilitation measures. 45

(6) The financial provisioning vehicles which must be used when providing the financial provision include—

- (a) cash deposited into an account administered by the Minister responsible for mineral resources; 50
- (b) insurance from an institution that is registered in terms of the applicable insurance sector legislation;
- (c) a financial guarantee from an institution that is registered in terms of the applicable financial sector legislation;
- (d) a trust fund established for the sole purposes of subsection (4); and

Wysiging van artikel 24O van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 30 van 2013 en gewysig deur artikel 6 van Wet 25 van 2014

7. Artikel 24O van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby gewysig—

- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang: 5
 “**Kriteria wat in ag geneem moet word deur bevoegde owerhede wanneer aansoeke oorweeg word en vereistes vir oorlegpleging**”;
- (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 10
 “(2) Die Minister, die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne [of], ’n LUR of ’n omgewingsinvloedbepalingspraktisyn moet met elke [Staatsdepartement] staatsorgaan wat ’n wet administreer met betrekking tot ’n aangeleentheid wat ’n uitwerking op die omgewing het, oorleg pleeg wanneer sodanige Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of ’n LUR ’n aansoek om ’n omgewingsmagtiging oorweeg.”; en 15
- (c) deur subartikel (2A) te skrap; en
- (d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 20
 “(3) ’n [Staatsdepartement] Staatsorgaan waarmee ingevolge subartikel (2) oorleg gepleeg is, moet sy kommentaar binne 30 dae voorlê vanaf die datum waarop die Minister, Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR, of omgewingsinvloedbepalingspraktisyn sodanige [Staatsdepartement] staatsorgaan skriftelik versoek om kommentaar voor te lê.”.

Vervanging van artikel 24P van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 25 van 2014 25

8. Artikel 24P van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Finansiële voorsorg vir remediëring van omgewingskade

24P. (1) In hierdie artikel beteken ‘hersiëning’ ’n formele assessering van die finansiële voorsorg met die voorneme om veranderinge te maak, indien nodig. 30

(2) Die Minister, of ’n LUR met die instemming van die Minister, kan die gevalle voorskryf waar finansiële voorsorg getref moet word.

(3) Waar voorgeskryf, moet ’n aplikant, voordat die bevoegde owerheid ’n omgewingsmagtiging uitreik, die finansiële voorsorg vasstel wat benodig word vir die onderneming van progressiewe rehabilitasie, uitdiensstelling, afsluiting en nasluitingsaktiwiteite, met inbegrip van die pomp en suiwing van vreemde en besoedelde water, waar tersaaklik. 35

(4) Waar voorgeskryf, moet die aansoeker, houer van ’n omgewingsmagtiging, houer of houer van ’n ou orde reg finansiële voorsorg tref vir progressiewe rehabilitasie, versagting, uitdiensstelling, afsluiting en nasluitingsaktiwiteite, met inbegrip van die pomp en suiwing van vreemde en besoedelde water, waar tersaaklik, om die versagting en rehabilitasie van nadelige omgewingsinwerkings, met inbegrip van verskuilde omgewingsinwerkings, te verseker. 40 45

(5) ’n Houer van ’n omgewingsmagtiging, houer of houer van ’n ou orde reg moet jaarliks, soos voorgeskryf, die versagtings-, remediërings- en rehabilitasiemaatreëls onderneem.

(6) Die mediums vir finansiële voorsorg wat gebruik moet word wanneer die finansiële voorsorg getref word, sluit in— 50

- (a) kontant gedeponeer in ’n rekening deur die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne geadministreer;
- (b) versekering van ’n instelling wat ingevolge die toepaslike wetgewing oor die versekeringssektor geregistreer is;
- (c) ’n finansiële waarborg van ’n instelling wat ingevolge die toepaslike wetgewing oor die finansiële sektor geregistreer is; 55
- (d) ’n trustfonds ingestel vir die alleendoeleindes van subartikel (4); en

- (e) any other vehicle, including any condition applicable to such a vehicle, identified by the Minister by notice in the *Gazette* in concurrence with the Minister of Finance and the Minister responsible for mineral resources, and including, but not limited to—
- (i) a closure rehabilitation company;
 - (ii) a parent company guarantee; and
 - (iii) an affiliate company guarantee.
- (7) The financial provisioning vehicles contemplated in subsection (6) may be used in combination as required.
- (8) (a) Where the Minister, the Minister for mineral resources or the MEC is not satisfied with the determination or review of the financial provision, the Minister, the Minister responsible for mineral resources or the MEC may appoint an independent party to conduct an assessment of the determination or review on their behalf.
- (b) Any costs in respect of such assessment must be borne by the applicant, holder of the environmental authorisation, holder or holder of an old order right.
- (9) If any holder of an environmental authorisation, holder or holder of an old order right fails to undertake such mitigation, remediation and rehabilitation of such impact, as prescribed, the Minister responsible for mineral resources, the Minister responsible for water affairs or MEC may, upon written notice to such holder, use all or part of the financial provision contemplated in this section to undertake mitigation, remediation and rehabilitation as the Minister, the Minister responsible for mineral resources or the MEC deems appropriate.
- (10) The financial provision may only be used for the purposes of progressive rehabilitation, decommissioning, closure, post closure, as prescribed, to ensure mitigation, remediation and rehabilitation of adverse environmental impacts for which it was provided and shall not be used for any other purposes.
- (11) The Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), does not apply to any form of financial provision contemplated in subsection (2) and all amounts arising from that provision.”.

Insertion of section 24PA in Act 107 of 1998

9. The following section is hereby inserted in the National Environmental Management Act, 1998, after section 24P: 35

“Financial provision for mining

- 24PA.** (1) A holder of an environmental authorisation for a mining activity, holder or holder of an old order right must—
- (a) maintain and retain a financial provision until a closure certificate is issued by the Minister responsible for mineral resources in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;
 - (b) review and adjust the environmental liability, as prescribed;
 - (c) at the intervals as prescribed, subject the financial provision and the basis of the calculations to an independent audit;
 - (d) at the intervals as prescribed, submit to the Minister responsible for mineral resources an audit report;
 - (e) publish, at the intervals as prescribed, the review decision in a provincial newspaper as well as a newspaper distributed within the municipal area within which the mining operation is located, and indicate where the review can be obtained; and
 - (f) annually undertake the mitigation and rehabilitation measures, as prescribed.

- (e) enige ander medium, met inbegrip van enige voorwaarde van toepassing op so 'n medium, deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* saam met die Minister van Finansies en die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne, geïdentifiseer, en met inbegrip van, maar nie beperk nie tot—
- (i) 'n sluitingsrehabiliteringsmaatskappy;
 - (ii) 'n moedermaatskappywaarborg; en
 - (iii) 'n filiaalmaatskappywaarborg.
- (7) 'n Kombinasie van die finansiële voorsorgmiddele in subartikel (6) beoog kan, waar nodig, saam gebruik word.
- (8) (a) Waar die Minister, die Minister vir minerale hulpbronne of die LUR nie tevrede is met die bepaling of hersiening van die finansiële voorsorg nie, kan die Minister, die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of die LUR 'n onafhanklike party aanstel om 'n assessering van die bepaling of hersiening namens hulle te doen.
- (b) Enige koste ten opsigte van sodanige assessering moet deur die aansoeker, houer van die omgewingsmagtiging, houer of houer van 'n ou orde reg gedra word.
- (9) Indien enige houer van 'n omgewingsmagtiging, houer of houer van 'n ou orde reg versuim om sodanige versagting, remediëring en rehabilitasie van sodanige inwerking, soos voorgeskryf, te onderneem, kan die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne, die Minister verantwoordelik vir watersake of die LUR, by skriftelike kennisgewing aan sodanige party, 'n deel of die geheel van die finansiële voorsorg in hierdie artikel beoog, gebruik om versagting, remediëring en rehabilitasie te onderneem soos die Minister, die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of LUR gepas ag.
- (10) Die finansiële voorsorg kan slegs gebruik word vir die doeleindes van progressiewe rehabilitasie, uitdiensstelling, afsluiting, nasluiting, soos voorgeskryf, om versagting, remediëring en rehabilitasie van nadelige omgewingsinwerkings waarvoor dit voorsien is, te verseker en moet nie vir enige ander doeleindes gebruik word nie.
- (11) Die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), is nie van toepassing nie op enige vorm van finansiële voorsorg in subartikel (2) beoog en alle bedrae wat uit daardie bepaling voortspruit.”

Invoeging van artikel 24PA in Wet 107 van 1998

9. Die volgende artikel word hierby ná artikel 24P in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 ingevoeg:

“Finansiële voorsorg vir mynbou

- 24PA.** (1) 'n Houer van 'n omgewingsmagtiging vir 'n mynbou-aktiwiteit, 'n houer of houer van 'n ou orde reg moet—
- (a) 'n finansiële voorsorg handhaaf en behou totdat 'n sluitingsertifikaat deur die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne uitgereik word ingevolge die 'Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002';
 - (b) die omgewingsaanspreeklikheid hersien en aanpas, soos voorgeskryf;
 - (c) met voorgeskrewe tussenposes die finansiële voorsorg en die grondslag van die finansiële berekeninge aan 'n onafhanklike oudit onderwerp;
 - (d) met voorgeskrewe tussenposes 'n ouditverslag aan die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne voorlê;
 - (e) met voorgeskrewe tussenposes, die hersieningsbesluit in 'n provinsiale koerant asook 'n koerant wat binne die munisipale gebied waarin die mynbedrywigheid geleë is, versprei word, publiseer en aandui waar die hersiening verkry kan word; en
 - (f) jaarliks die versagtings-, remediërings- en rehabilitasiemaatreëls, soos voorgeskryf, onderneem.

(2) The Minister responsible for mineral resources may, in consultation with the Minister and Minister responsible for water affairs, approve an annual drawdown of the financial provision in the prescribed manner to support final decommissioning and closure for a period not exceeding 10 years before the final decommissioning and closure.

(3) The financial provision provided in respect of latent environmental impacts or residual environmental impacts, including the pumping and treatment of extraneous and polluted water, must be transferred to the Minister responsible for mineral resources upon the issuing of a closure certificate, unless otherwise prescribed.

(4) Where the financial provisioning vehicle used for the financial provision in respect of latent environmental impacts or residual environmental impacts, including the pumping and treatment of extraneous and polluted water, is insurance, the Minister responsible for mineral resources must access the funds on issuing the closure certificate.

(5) If any person contemplated in subsection (1) fails to mitigate and rehabilitate environmental impacts, as prescribed, the Minister responsible for mineral resources or the Minister responsible for water affairs may, upon written notice to such person, use all or part of the financial provision contemplated in this section to rehabilitate or manage the environmental impact in question.”.

Amendment of section 24R of Act 107 of 1998, as amended by section 8 of Act 25 of 2014

10. Section 24R of the National Environmental Management Act, 1998, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Every holder, holder of an environmental authorisation for a mining activity, holder of an old order right and owner of works remain responsible for any environmental liability, pollution or ecological degradation, the pumping and treatment of polluted or extraneous water, the management and sustainable closure thereof notwithstanding the issuing of a closure certificate by the Minister responsible for mineral resources in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, to the holder or owner concerned.”;

(b) by the deletion of subsection (2); and

(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) Every holder, holder of an environmental authorisation for a mining activity, holder of an old order right or owner of works must plan, manage and implement such procedures and requirements in respect of the closure of a mine as may be prescribed.”.

Repeal of section 24S of Act 107 of 1998, as inserted by section 9 of Act 25 of 2015

11. Section 24S of the National Environmental Management Act, 1998, is hereby repealed.

Amendment of section 28 of Act 107 of 1998, as amended by section 12 of Act 14 of 2009, section 12 of Act 30 of 2013 and section 10 of Act 25 of 2014

12. Section 28 of the National Environmental Management Act, 1998, is hereby amended—

(a) by the substitution in substitution (3) for paragraph (d) of the following paragraph:

“(d) contain or prevent the movement of pollutants or the [causant] cause of degradation;”;

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

(2) Die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne kan, in oorleg met die Minister en Minister verantwoordelik vir watersake, 'n jaarlikse onttrekking goedkeur van die finansiële voorsorg op die voorgeskrewe wyse om finale uitdiensstelling en afsluiting te ondersteun vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar voor die finale uitdiensstelling en sluiting.

5

(3) Die finansiële voorsorg wat voorsien is vir verskuilde omgewingsinwerkings of residuele omgewingsinwerkings, met inbegrip van die pomp en suiwering van vreemde en besoedelde water, moet by die uitreiking van 'n sluitingsertifikaat na die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne oorgedra word, tensy andersins voorgeskryf.

10

(4) Waar die finansiële voorsorgmedium wat gebruik word vir die finansiële voorsorg ten opsigte van verskuilde omgewingsinwerkings of residuele omgewingsinwerkings, met inbegrip van die pomp en suiwering van oortollige en vreemde water, versekering is, moet die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne by uitreiking van die sluitingsertifikaat toegang tot die fondse kry.

15

(5) Indien enige persoon in subartikel (1) bedoel, versuim om omgewingsinwerkings te versag en te rehabiliteer soos voorgeskryf, kan die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne of die Minister verantwoordelik vir watersake, by skriftelike kennisgewing aan daardie persoon, die geheel of 'n gedeelte van die finansiële voorsorg in hierdie artikel beoog, gebruik om die betrokke omgewingsinwerking te rehabiliteer of te bestuur.”

20

Wysiging van artikel 24R van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 25 van 2014

25

10. Artikel 24R van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Elke houer, houer van 'n omgewingsmagtiging vir 'n mynbouaktiwiteit, houer van 'n ou orde reg en eienaar van 'n bedryf bly verantwoordelik vir enige omgewingsverpligting, besoedeling en ekologiese agteruitgang, die pomp en behandeling van besoedelde of vreemde water, die bestuur en volhoubare afsluiting daarvan ondanks die uitreiking van 'n afsluitingsertifikaat deur die Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne ingevolge die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ aan die betrokke houer of eienaar.”;

30

35

(b) deur subartikel (2) te skrap; en

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Elke houer, houer van 'n omgewingsmagtiging vir 'n mynbouaktiwiteit, houer van 'n ou orde reg en eienaar van 'n bedryf moet die prosedures en vereistes wat ten opsigte van 'n mynsluiting voorgeskryf word, beplan, bestuur en **[implimenteer]** implimenteer.”.

40

Herroeping van artikel 24S van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 9 van Wet 25 van 2015

11. Artikel 24S van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby herroep.

45

Wysiging van artikel 28 van Wet 107 van 1998, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 14 van 2009, artikel 12 van Wet 30 van 2013 en artikel 10 van Wet 25 van 2014

12. Artikel 28 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby gewysig—

50

(a) deur in subartikel (3) paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) die beweging van besoedelende stof of die oorsaak van agteruitgang **[in bedwang]** te stuit [hou] of te voorkom;”;

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(4) The Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources [**or**], a provincial head of department or a municipal manager of a municipality may, **after having given adequate opportunity to affected persons to inform him or her of their relevant interests,**] direct any person [**who is causing, has caused or may cause significant pollution or degradation of the environment**] referred to in subsection (2) to—
- (a) cease any activity, operation or undertaking;
- (b) investigate, evaluate and assess the impact of specific activities and report thereon;
- (c) commence taking specific measures before a given date;
- (d) diligently continue with those measures; and
- (e) complete those measures before a specified reasonable date[**Provided that the Director-General or a provincial head of department may, if urgent action is necessary for the protection of the environment, issue such directive, and consult and give such opportunity to inform as soon thereafter as is reasonable.**”];
- (c) by the insertion after subsection (4) of the following subsection:
- “(4A) Before issuing a directive contemplated in subsection (4), the Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources, a provincial head of department or a municipal manager of a municipality must give adequate notice in writing to the person to whom the directive is intended to be issued, of his or her intention to issue the directive and provide such person with a reasonable opportunity to make representations in writing: Provided that the Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources, a provincial head of department or a municipal manager of a municipality may, if urgent action is necessary for the protection of the environment, issue the directive referred to in subsection (4), and give the person on whom the directive was issued an opportunity to make representations as soon as is reasonable thereafter.”;
- (d) by the substitution in subsection (5) for the words preceding paragraph (a) of the following words:
- “The Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources [**or**], a provincial head of department or a municipal manager of a municipality, when considering any measure or time period envisaged in subsection (4), must have regard to the following[—]”;
- (e) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:
- “(7) Should a person fail to comply, or inadequately comply, with a directive issued under subsection (4), the Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources [**or**], a provincial head of department or a municipal manager of a municipality may take reasonable measures to remedy the situation or apply to a competent court for appropriate relief.”;
- (f) by the substitution in subsection (8) for the words preceding paragraph (a) of the following words:
- “Subject to subsection (9), the Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources [**or**], a provincial head of department or a municipal manager of a municipality may recover costs for reasonable remedial measures undertaken or to be undertaken under subsection (7), before or after such measures are taken and all costs incurred as a result of acting under subsection (7), from any or all of the following persons—”;
- (g) by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

- “(4) Die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne [of], ’n provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit kan[, nadat voldoende geleentheid aan persone wat geraak word, gegee is om hom of haar van hul betrokke belange in te lig,] enige persoon [wat beduidende besoedeling of agteruitgang van die omgewing veroorsaak, veroorsaak het of kan veroorsaak] in subartikel (2) bedoel, gelas om—
- (a) enige aktiwiteit, bedryf of onderneming te staak;
- (b) die inwerking van gespesifiseerde aktiwiteite te ondersoek, evalueer en vas te stel en verslag daaroor te doen;
- (c) voor ’n gegewe datum met bepaalde stappe te begin;
- (d) daardie stappe ywerig voort te sit; en
- (e) daardie stappe voor ’n redelike datum, wat vermeld word, te voltooi[;]
- Met dien verstande dat die Direkteur-generaal of ’n provinsiale departementshoof, indien dringende optrede nodig is om die omgewing te beskerm, sodanige lasgewing kan uitreik en oorleg pleeg en sodanige geleentheid bied om inligting te verskaf as wat so spoedig daarna redelik is.]”;**
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:
- “(4A) Voor die uitreiking van ’n opdrag in subartikel (4) beoog, moet die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne, ’n provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit genoegsaam skriftelik kennis gee aan die persoon aan wie die opdrag uitgereik gaan word, van sy of haar voorneme om die opdrag uit te reik en daardie persoon ’n redelike geleentheid gun om skriftelike vertoë te rig: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne, ’n provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit, indien dringende stappe vir die beskerming van die omgewing nodig is, die opdrag in subartikel (4) bedoel kan uitreik, en die persoon teen wie die opdrag uitgereik is ’n geleentheid gun om so gou moontlik daarna vertoë te rig.”;
- (d) deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
- “Die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne [of], ’n provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit moet, wanneer ’n stap of tydperk beoog in subartikel (4) oorweeg word, die volgende in aanmerking neem[—:]”;
- (e) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(7) Sou ’n persoon versuim om gehoor te gee aan ’n opdrag of nie genoegsaam gehoor gee aan ’n opdrag kragtens subartikel (4) uitgereik nie, kan die Direkteur-generaal [of], provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit redelike stappe doen om die situasie reg te stel of by ’n bevoegde hof aansoek doen om gepaste regshulp te verleen.”;
- (f) deur in subartikel (8) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
- “Behoudens subartikel (9), kan die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne [of], ’n provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit koste vir redelike herstelstappe wat kragtens subartikel (7) gedoen is of wat gedoen staan te word, verhaal, voordat of nadat sodanige stappe gedoen word en alle koste wat aangegaan is as gevolg van optrede kragtens subartikel (7) van of al die volgende persone—”;
- (g) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(9) The Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources **[or]**, a provincial head of department or a municipal manager of a municipality, may in respect of the recovery of costs under subsection (8), claim proportionally from any person who benefited from the measures undertaken under subsection (7).”; and 5
- (h) by the substitution for subsection (12) of the following subsection:
- “(12) Any person may, after giving the Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources **[or]**, a provincial head of department or a municipal manager of a municipality, 30 days’ notice, apply to a competent court for an order directing the Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources **[or]**, any provincial head of department or a municipal manager of a municipality, to take any of the steps listed in subsection (4) if the Director-General, the Director-General of the department responsible for mineral resources **[or]**, provincial head of department or a municipal manager of a municipality, fails to inform such person in writing that he or she has directed a person contemplated in subsection **[(8)] (4)** to take one of those steps, and the provisions of section 32(2) and (3) shall apply to such proceedings, with the necessary changes.”. 10 15 20

Amendment of section 31B of Act 107 of 1998, as inserted by section 4 of Act 46 of 2003

13. Section 31B of the of the National Environmental Management Act, 1998, is hereby amended by the substitution in subsection (1)(a) for subparagraph (ii) of the following subparagraph: 25

“(ii) any other organ of state that executes a regulatory function; and”.

Amendment of section 31BA of Act 107 of 1998, as inserted by section 4 of Act 44 of 2008

14. Section 31BA of the of the National Environmental Management Act, 1998, is hereby amended by the substitution in subsection (1)(a) for subparagraphs (i) and (ii) of the following subparagraphs: 30

- “(i) the Department **[of Water Affairs and Forestry]** responsible for water affairs; or
(ii) any other organ of state that executes a regulatory function; and”.

Amendment of section 31BB of Act 107 of 1998, as inserted by section 11 of Act 25 of 2014 35

15. Section 31BB of the National Environmental Management Act, 1998, is hereby amended—

- (a) by the substitution for the heading of the following heading: 40
“Designation of environmental mineral [resource] and petroleum inspectors by Minister responsible for mineral resources”;
- (b) by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph: 45
 “(a) designate as an environmental mineral **[resource]** and petroleum inspector, any staff member of **[the Department of Mineral Resources]**—
 (i) the department responsible for mineral resources; or
 (ii) any other organ of state that executes a regulatory function; and”;
- (c) by the addition of the following subsection: 50
 “(2) A designation in terms of subsection (1)(a)(ii) may only be made by agreement between the Minister responsible for mineral resources and the relevant organ of state.”.

- “(9) Die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne [of], ’n provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit kan, met betrekking tot die verhaal van koste kragtens subartikel (8), na verhouding eis van enige persoon wat deur die stappe wat kragtens subartikel (7) gedoen is, bevoordeel is.”; en 5
- (h) deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(12) Enige persoon kan, nadat die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne [of], ’n provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit 30 dae kennis gegee is, by ’n bevoegde hof aansoek doen om ’n bevel wat die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne [of], enige provinsiale departementshoof of ’n munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit opdrag gee om enige stappe te doen wat in subartikel (4) gelys word, indien die Direkteur-generaal, die Direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne [of], ’n provinsiale departementshoof of munisipale bestuurder van ’n munisipaliteit versuim om sodanige persoon skriftelik in kennis te stel dat hy of sy die persoon beoog in subartikel [(8)] (4) gelas het om een van daardie stappe te doen, en dan geld die bepalings van artikel 32(2) en (3), met die nodige veranderinge, op sodanige verrigtinge.”. 10 15 20

Wysiging van artikel 31B van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 46 van 2003

13. Artikel 31B van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby gewysig deur in subartikel (1)(a) subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang: 25
- “(ii) enige ander staatsorgaan wat ’n reguleringswerkzaamheid verrig; en”.

Wysiging van artikel 31BA van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 44 van 2008

14. Artikel 31BA van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby gewysig deur in subartikel (1)(a) subparagraaf (i) en (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang: 30
- “(i) die Departement [van Waterwese en Bosbou] verantwoordelik vir watersake; of 35
- (ii) enige ander staatsorgaan wat ’n reguleringsfunksie verrig.”.

Wysiging van artikel 31BB van Wet 107 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 25 van 2014

15. Artikel 31BB van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, word hierby gewysig— 40
- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:
- “**Aanwysing van omgewingsinspekteurs vir minerale [hulpbronne] en petroleum deur Minister verantwoordelik vir minerale hulpbronne**”;
- (b) deur paragraaf (a) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 45
- “(a) enige personeelid van [die Departement van Minerale Hulpbronne]—
- (i) die departement verantwoordelik vir minerale hulpbronne; of
